

Woensdag 24 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 109

Fokusgedeelte: Psalm 109:1-3; 20-22; 26-31

Loof die Here, want Hy tree vir jou in

Hoe hanteer mens valse aanklagte teenoor jou? Die digter stoei hiermee, want hy word blykbaar in die geregshof vir godsdienstige aangeleenthede voor priesterregtes aangekla. Hy word valslik beskuldig met woorde vol haat om hom as 'n misdadiger skuldig te bevind. Hulle vergeld hom met kwaad vir goed en haat vir liefde! Verskriklik!

Die digter sit dus met 'n vertrouenskrisis. Die vernedering wek ook binne hóm woede en wraak. Hy kon homself egter nie in hierdie woedetoestand voor die priesterregters verdedig nie. Hoe dan? Hierdie Psalm leer ons dat ons heel eerste ons hart en gevoelens voor die Here moet ooplê. Ja, die digter het sy haat en wraakgevoelens aan die Here oorgedra. Toe hy dit doen, het sy hart bedaar want hy weet dat hy nie self mag wraak neem nie. Hy laat dit aan die Here oor om na sy eie goeddunke te vergeld.

Stoei jy ook met onreg teenoor jou? Onreg vind beslis plaas: deur jou geliefdes, medegelowiges, misdadigers, kinders by die skool, kollegas en politiekery. Voel jy ook skuldig as jy wraakgedagtes het en woedend raak? Moenie dit teruggooi op die onregmakers nie, want dan word jy soos hulle. Maak jou hart oop by die Here en jy kry berusting en wysheid oor wat jy moet doen. Maar kan jy? Beslis ja, want Jesus Christus tree vir jou in. Hy het die grootste onreg, vyandskap, valse aanklagte en haat op Hom geneem! Hy het deur 'n vloekdood aan 'n vloekhout in ons plek 'n vloekdood gesterf! Hy het die vloekdood oorwin deurdat hy uit die dood uit opgestaan het. God die Heilige Gees laat jou vasgryp aan Christus se oorwinning. Die Heilige Gees laat jou glo dat, as God vir jou is, wie kan dan teen jou wees? (Rom. 8:33). Laat jou lof aan die Here weerklink van vreugde vir sy liefde en getrouheid!

Sing: Skrifberyming 5-4:1-6

Ds. J van Schaik (Joop) (Randburg)